

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2017

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye en 'n 17 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Bankversoening en Interne Beheer	Finansiële rekeningkunde Versoening van Bankrekening met Staat Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 2: 55 punte; 30 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Bestuursrekeningkunde Produksiekostestaat Wins/Verlies-berekeninge Bestuur van hulpbronne Analiseer gelykbreekpunt en eenheidskoste

VRAAG 3: 65 punte; 40 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Vaste Bates, Balansstaat en Ouditverslag	Finansiële rekeningkunde Balansstaat Ouditverslag Bestuur van hulpbronne Berekeninge: Vaste bates

VRAAG 4: 85 punte; 50 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Kontantvloeistaat en Vertolking	Finansiële rekeningkunde Begrippe Kontantvloeistaat Vertolking van finansiële inligting

VRAAG 5: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Voorraadwaardasie	Bestuursrekeningkunde Begrippe Voorraadwaardasieberekeninge Bestuur van hulpbronne Interne beheer

VRAAG 6: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Begrotings	Bestuursrekeningkunde Kontantbegroting Berekeninge Probleemoplossing

VRAAG 1: BANKVERSOENING EN INTERNE BEHEER (30 punte; 20 minute)

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 'n Gunstige saldo op die Bankstaat word as 'n debiet aangedui.

1.1.2 'n Vooruitgedateerde tjek wat ontvang word, moet op die datum van ontvangs geboekstaaf word.

1.1.3 'n Uitgereikte tjek wat verlore geraak het, moet in die KOJ gekanselleer word. (3 x 1) (3)

1.2 **MENZIES HANDELAARS**

Die inligting gegee het betrekking op Menzies Handelaars vir Junie 2017.

GEVRA:

1.2.1 Bereken die volgende op 30 Junie 2017:

- Korrekte totale vir die KOJ en KBJ
- Bankrekeningsaldo (14)

1.2.2 Stel die Bankversoeningstaat op 30 Junie 2017 op. (9)

1.2.3 Verduidelik die probleem met betrekking tot deposito's. Haal bewyse aan. Verduidelik TWEE strategieë om dit in die toekoms te voorkom. (4)

INLIGTING:

A. Die Bankversoeningstaat op 31 Mei 2017 het die volgende getoon:

Ongunstige saldo op die Bankstaat	R1 450
Uitstaande deposito's:	
• 17 Mei 2017	30 000
• 31 Mei 2017	16 200
Uitstaande tjeks:	
• 605 (gedateer 16 Desember 2016)	9 750
• 812 (gedateer 10 April 2017)	8 550
• 816 (gedateer 25 Mei 2017)	13 590
• 819 (gedateer 15 Augustus 2017)	7 650
• 823 (gedateer 31 Mei 2017)	2 900
Ongunstige saldo op die Bankrekening in die Grootboek	R5 210

B. Voorlopige Kontantjoernaal-totale op 30 Junie 2017:

- Kontantontvangstejoernaal: R90 500
- Kontantbetalingsjoernaal: R85 920

C. Inskrywings in die Kontantjoernale vir Junie 2017 wat nie met die Junie-Bankstaat ooreenstem nie:

JOERNAAL	DOKUMENT	DATUM	BESONDER-HEDE	BEDRAG
KOJ	EFO 19	11	Paintco	R5 500
	Depositostrokie 451	25	Kontantverkope	R40 500

LET WEL: EFO 19 is foutiewelik in die KOJ in plaas van die KBJ geboekstaaf.

JOERNAAL	DOKUMENT	DATUM	BESONDER-HEDE	BEDRAG
KBJ	Tjek 870	25	VN Bpk.	R16 800
	EFO 21	30	SJ Winkels	R2 250

D. Items op die Bankstaat gedateer 30 Junie 2017 wat nie met die Junie-Kontantjoernale ooreenstem nie:

DATUM	BESONDERHEDE	DEBIET	KREDIET
02	Deposito (17/5)		30 000
05	Tjek 812	8 550	
09	Debietorder (versekering)	2 290	
11	Direkte oordrag aan Paintco (EFO 19)	5 500	
12	Tjek 816	13 590	
16	Deposito (31/5)		16 200
18	Direkte oordrag van S Smit (huur)		16 500
22	Tjek 823 (sien hieronder)	9 200	
23	Onbetaalde tjek (B Blast het sy skuld, R795, vereffen)	750	
24	Diensgeld	1 220	

LET WEL:

- Tjek 823: Bankstaatsyfer is korrek.
- Diensgeld is met R900 te hoog aangegee. Die bank sal die probleem in die volgende maand regstel.

E. Die Bankstaat op 30 Junie 2017 het 'n saldo getoon van R?.

VRAAG 2: VERVAARDIGING**(55 punte; 30 minute)****2.1 GEVEN VERVAARDIGERS**

Die besigheid vervaardig houttafels.

GEVRA:

Stel die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 op:

2.1.1 Produksiekostestaat (14)

2.1.2 Verkorte Inkomstestaat (14)

INLIGTING:**A. Voorraad voorhande:**

	28 FEBRUARIE 2017	1 MAART 2016
Goedere-in-bewerking	?	R160 000
Klaarprodukte	400 tafels, gewaardeer deur die EIEU-metode te gebruik	1 200 tafels teen R280 = R336 000

B. Produksie en verkope vir die jaar:

- 7 200 tafels is teen 'n eenheidskoste van R330 elk vervaardig.
- 8 000 tafels is vir R4 080 000 verkoop.

C. Koste (voor aansuiwerings):

Administrasie	R148 400
Fabrieksbokoste	R487 200
Direkte materiaal	R1 050 000
Direkte arbeid	?
Verkoop en verspreiding	R422 000

Aansuiwerings:

- Betaling aan EZ Transport, R102 000, is foutiewelik aan Verkoop en Verspreiding toegewys. Hierdie koste was eintlik vir die aflewering van hout aan die fabriek bedoel.
- Die skoonmaakkontrak vir die jaar, R126 000, is tussen Fabriek en Administrasie in die verhouding 2 : 1 gedeel. 80% moes egter aan Fabriek toegewys gewees het.

D. Primêre koste: R1 800 000 (na aansuiwerings)

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO.**

2.2 GYMWEAR VERVAARDIGERS

Gymwear Vervaardigers word deur Jan Fiks besit. Hulle vervaardig skoene en hemde vir gimnasiumoefening. Jan het hulp nodig met die vertolking van sy 2017-resultate. Let daarop dat een paar skoene een eenheid uitmaak.

GEVRA:

2.2.1 Hemde:

- Bereken die gelykbreekpunt vir hemde. (4)
- Jan is nie tevrede met die veranderlike koste per eenheid nie, al het die totale veranderlike koste per eenheid met R6 afgeneem.
 - Identifiseer EEN veranderlike koste (met syfers) wat nie goed beheer is nie. Gee TWEE moontlike redes vir hierdie probleem. (4)
 - Verduidelik waarom Jan bekommerd kan wees oor die groot afnames in die ander TWEE veranderlike koste. (4)
- Jan kan nie verstaan hoekom die eenheidskoste van produksie toegeneem het, terwyl sy vaste koste en die veranderlike koste nie toegeneem het nie. Verduidelik waarom dit so is. Noem EEN punt (met syfers). (4)

2.2.2 Skoene:

- Bereken die % toename in die verkoopprys van skoene. (3)
- Jan het besluit om die kwaliteit van die skoene te verbeter en dit uit te voer. Verduidelik hoe die direkte materiaalkoste en die verkoops- en verspreidingskoste deur hierdie besluit geraak is. Verskaf syfers. (4)
- Jan was bekommerd dat die toename in prys die onderneming negatief sou beïnvloed. Verduidelik of sy bekommernis geregverdig is. Noem TWEE punte. (4)

INLIGTING:

	HEMDE		SKOENE	
	2017	2016	2017	2016
Gelykbreekpunt	?	11 522	3 842	4 317
Eenhede vervaardig en verkoop	16 100	25 000	7 750	6 500
Netto wins	R500 400	R620 000	R2 379 750	R1 183 000
Verkoopprys per eenheid	R302	R290	R1 640	R1 260
Verkoopprys van mededingers	R310	R290	R1 100	R1 250
Totale vaste koste (fabrieks- bokoste en administrasie)	R530 000	R530 000	R2 340 000	R2 340 000
Totale vaste koste per eenheid	?	?	R302	R360
Totale veranderlike koste per eenheid	R238	R244	R1 031	R718
Direkte materiaalkoste per eenheid	R92	R116	R456	R330
Direkte arbeidskoste per eenheid	R131	R100	R381	R360
Verkoops- en verspreidings- koste per eenheid	R15	R28	R194	R28
Eenheidskoste van produksie	R242	R228	R1 100	R1 004

VRAAG 3: VASTE BATES, BALANSSTAAT EN OUDITVERSLAG**(65 punte; 40 minute)**

Die volgende inligting het betrekking op Odette Bpk. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2017 geëindig.

GEVRA:**3.1 Verwys na Inligting B.**

Bereken die ontbrekende bedrae voorgestel deur **(a)** tot **(e)**. (22)

3.2 Voltooi die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 28 Februarie 2017. Toon bewerkings. (37)

INLIGTING:**A. Bedrae geneem uit die rekords op 28 Februarie 2017:**

Balansstaatrekeninge-afdeling	R
Gewone aandeelkapitaal	?
Behoue inkomste (28 Februarie 2017)	520 000
Vaste bates (drawaarde)	?
Lening van Beque Bank	284 000
Handelsvoorraad	408 880
Netto handelsdebiteure	67 200
Vaste deposito: Elze Bank	?
Bank (gunstig)	?
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige betalings)	209 000
Krediteurekontrole	184 000
Nominalerekeninge-afdeling (vooraansuiweringsbedrae)	
Versekering	30 200
Huurinkomste	108 450
Elektrisiteit	42 000

B. Vaste bates:

	GROND EN GEBOU	VOERTUIG	TOERUSTING	TOTAAL
Kosprys		350 000	460 000	
Opgehoopte waardevermindering		(315 000)		
Drawaarde (01/03/2016)	(a)	35 000		
Bewegings:				
Toevoegings	325 000	422 550	0	
Verkope	0	0	(d)	
Waardevermindering		(b)	(13 766)	
Drawaarde (28/02/2017)	2 550 000	(c)	50 994	(e)
Kosprys		772 550	340 000	
Opgehoopte waardevermindering				

- Waardevermindering op voertuie word teen 20% p.j. op kosprys bereken.
- Die maatskappy besit twee voertuie op 28 Februarie 2017. Een van hierdie voertuie is op 1 September 2016 aangekoop.
- Uittreksel uit die Vastebateregister met betrekking tot toerusting verkoop:

Yskas (Model X3)			
Datum aangekoop: 1 Maart 2014			
Datum verkoop: 31 Desember 2016		Verkoop vir: R81 250	
Waardeverminderingkoers: 10% p.j. (verminderdesaldo-metode)			
	KOSPRYS	WAARDE- VERMINDERING	BOEKWAARDE
28 Februarie 2015	R120 000	R12 000	R108 000
29 Februarie 2016		?	?
31 Desember 2016		?	?

- C. Die elektrisiteitsrekening vir Februarie 2017, R5 600, was steeds uitstaande.
- D. Die voorsiening vir oninbare skulde moet met R270 vermeerder word.
- E. 'n Addisionele versekeringspolis is op 1 November 2016 uitgeneem. Die jaarlikse premie van R10 200 is betaal en geboekstaaf.
- F. Die huur vir Februarie 2017 is nog nie ontvang nie. Die huur is op 1 Julie 2016 met 15% verhoog.
- G. Netto wins na belasting, R518 000, is bereken nadat al die aansuiwerings hierbo in berekening gebring is. Inkomstebelasting is 30% van die netto wins.
- H. 75% van die gemagtigde aandelekapitaal van 900 000 aandele is reeds uitgereik. Die direkteure het op 28 Februarie 2017 'n finale dividend van 24 sent per aandeel verklaar.
- I. Uittreksel uit Beque Bank-leningstaat:

Saldo op 1 Maart 2016	R376 000
Betalings (rente ingesluit)	R92 000
Rente gekapitaliseer	R48 000
Saldo op 28 Februarie 2017	?

LET WEL:

- Rente is nog nie in die boeke geskryf nie.
 - R50 000 van die leningsaldo sal gedurende die volgende finansiële jaar betaal word.
- J. Die netto batewaarde per aandeel op 28 Februarie 2017 is 620 sent.
- K. Die bedryfskapitaalverhouding op 28 Februarie 2017 is 2,1 : 1.

3.3 OUDITVERSLAG

'n Uittreksel uit die onafhanklike ouditverslag van Karin Bpk. vir die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2017, word verskaf.

GEVRA:

As 'n aandeelhouer, watter bekommernisse sou jy oor hierdie ouditverslag hê? Verduidelik DRIE punte.

(6)

INLIGTING:**UITTREKSEL UIT DIE OUDITVERSLAG VAN KARIN BPK.**

Ons het die jaarlikse finansiële state van Karin Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 geoudit. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die direkteure van die maatskappy.

Basis vir Weerhouding van Mening

Tydens ons oudit het ons vasgestel dat bonusse ten bedrae van R9,8 miljoen, wat aan direkteure betaal is, nie deur die Vergoedingskomitee goedgekeur is nie.

Ouditmening

As gevolg van die belangrikheid van die sake hierbo beskryf, kon ons nie daarin slaag om genoeg ouditbewyse te bekom om 'n basis vir 'n ouditmening te verskaf nie. Dienooreenkomstig spreek ons geen mening uit oor die finansiële state van Karin Bpk. vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 nie.

Bongani en Botha, Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)

**LAAT HIERDIE BLADSY
BLANKO.**

VRAAG 4: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (85 punte; 50 minute)

- 4.1 Kies 'n term om elk van die volgende stellings te voltooi. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

aandeelhouer(s); eksterne ouditeur(e); direkteur(e); interne ouditeur(e)

- 4.1.1 ... word deur die aandeelhouers aangestel om die maatskappy te bestuur.
- 4.1.2 Die ... word deur die maatskappy in diens geneem om funksionele interne beheerprosesse daar te stel.
- 4.1.3 'n ... is 'n persoon wat in 'n maatskappy belê deur aandele te koop.
- 4.1.4 ... word deur aandeelhouers aangestel om 'n onbevooroordeelde mening oor die finansiële state te gee. (4 x 1) (4)

4.2 **SO-FINE BPK.**

Die inligting gegee het betrekking op So-Fine Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2017.

GEVRA:

- 4.2.1 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op 31 Augustus 2017 op:
- Gewone aandelekapitaal (7)
 - Behoue inkomste (9)
- 4.2.2 Voltooi die Kontantvloeistaat deur slegs die besonderhede en syfers wat deur 'n vraagteken (?) aangedui word, in te voeg. (19)
- 4.2.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 31 Augustus 2017:
- Persentasie bedryfswins op verkope (3)
 - Skuld-eienaarsbelang-verhouding (4)
- 4.2.4 Bereken die dividende per aandeel (DPA) van 'n aandeelhouer wat dieselfde getal aandele vir die hele finansiële tydperk besit het. (4)

INLIGTING:

A. Inligting uit die Inkomstestaat vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2017:

Verkope	R8 652 000
Bedryfsuitgawes	1 760 000
Waardevermindering	320 000
Rente-uitgawe	86 100
Bedryfswins	697 000
Inkomstebelasting	187 770
Netto wins na inkomstebelasting	438 130

B. Inligting uit die Balansstaat op 31 Augustus:

	2017 (R)	2016 (R)
Vaste bates (drawaarde)	6 177 000	4 975 000
Vaste deposito's	220 000	300 000
Lening: Dolphin Bank	985 000	450 000
Bedryfsbates	619 600	663 300
Bedryfslaste	490 000	614 300
Aandeelhoudersbelang	?	?
Gewone aandelekapitaal	5 292 000	?
Behoue inkomste	?	147 370
Kontant en kontantekwivalente	23 400	2 500
Oortrokke bankrekening	-	65 100
Aandeelhouders vir dividende	168 000	120 000
SAID: Inkomstebelasting	11 800 (Kt.)	2 400 (Dt.)

C. Aandelekapitaal en dividende

- Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 1 200 000 gewone aandele.
- 900 000 gewone aandele is reeds op 1 September 2016 uitgereik.
- Die maatskappy het op 1 Mei 2017, 150 000 gewone aandele teen R6,30 per aandeel uitgereik.
- 70 000 gewone aandele is op 30 Augustus 2017 by aandeelhouders teruggekoop. 'n Tjek vir R437 500 is vir hierdie aandele uitgereik. Hierdie aandeelhouders kwalifiseer vir finale dividende.
- 'n Tussentydse dividend van 12 sent per aandeel is op 1 Februarie 2017 betaal.
- 'n Finale dividend is op 30 Augustus 2017 verklaar.

D. Vaste bates: Transaksies gedurende die huidige finansiële jaar.

- Ou toerusting is vir kontant verkoop teen die drawaarde van R324 000.
- Addisionele toerusting en afleweringsvoertuie is aangekoop.

(Sien VRAAG 4.3 op die volgende bladsy.)

4.3 CASTRO BPK. EN RONKI BPK.

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot twee maatskappye.

AGTERGRONDINLIGTING:

- Henry Harries besit 300 000 aandele in elke maatskappy.
- **Castro Bpk.** het 200 000 nuwe aandele slegs aan bestaande aandeelhouders uitgereik teen die gemiddelde uitreikprys (R9,10). Hierdie fondse is gebruik om 'n nuwe tak te vestig. Geen nuwe lenings is aangegaan nie.
- **Ronki Bpk.** het R4 800 000 betaal om 320 000 aandele terug te koop.

GEVRA:

LET WEL: Waar kommentaar of verduidelikings verwag word, haal finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf.

CASTRO BPK.

- 4.3.1 Lewer kommentaar op die prys van R9,10 wat Castro Bpk. vir die nuwe aandele wat uitgereik is, gevra het. (3)
- 4.3.2 Verduidelik hoe die uitreik van nuwe aandele die finansiële hefboomverhouding en risiko van Castro Bpk. beïnvloed het. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- 4.3.3 Henry het die opsie gehad om sommige van die nuwe aandele wat deur Castro Bpk. uitgereik is, te koop. Hy het genoeg fondse (rentekoers 5% p.j.) vir hierdie doel gespaar.
- As Henry sy 60%-aandeelhouding in die maatskappy wou behou, hoeveel aandele sou hy moes gekoop het en hoeveel sou hy moes betaal het? (5)
 - Henry het besluit om NIE hierdie aandele te koop NIE. Buiten die % aandeelhouding, verduidelik TWEE redes waarom hy 'n fout gemaak het deur nie hierdie opsie uit te oefen nie. (6)

RONKI BPK.

- 4.3.4 Lewer kommentaar op die likiditeit van Ronki Bpk. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- 4.3.5 Lewer kommentaar op die prys wat Ronki Bpk. vir die terugkoop van aandele betaal het. (3)
- 4.3.6 Verduidelik DRIE maniere waarop Henry deur die terugkoop van die aandele deur Ronki Bpk. bevoordeel is. (6)

ADDISIONELE INLIGTING:**Finansiële aanwysers en addisionele inligting uit jaarverslae:**

	CASTRO BPK.		RONKI BPK.	
	2017	2016	2017	2016
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,5 : 1	0,8 : 1		
Bedryfsverhouding			1,9 : 1	3,5 : 1
Vuurproefverhouding			1,1 : 1	1,7 : 1
Voorraadhouingstydperk			54 dae	54 dae
Getal aandele reeds uitgereik	700 000	500 000	580 000	900 000
Gemiddelde aandele-uitreikprys	R9,10		R10,20	
Prys vir terugkoop van aandele betaal			R15,00	
Prys van aandele op die JSE	R12,00		R15,00	
Netto batewaarde per aandeel	R10,73	R11,38	R13,30	R13,22
% opbrengs op aandeelhoudersbelang	23%	17%	16%	13%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend	20%	15%		
Verdienste per aandeel	140 sent	196 sent	266 sent	171 sent
Totale dividende	R357 000	R325 000	R928 000	R928 000
Dividende per aandeel	51 sent	65 sent	160 sent	103 sent

VRAAG 5: VOORRAADWAARDASIE**(35 punte; 20 minute)****5.1 BEGRIPPE**

Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Die (spesifiekeidentifikasie-/geweegdegemiddelde-) voorraadwaardasie-metode is die geskikste vir produkte van soortgelyke waarde wat in groot hoeveelhede aangekoop word.

5.1.2 Koste van verkope word by die verkooppunt in die (deurlopende/periodieke) voorraadstelsel bepaal.

5.1.3 Voorraad gewaardeer volgens die (eerste-in-eerste-uit-/geweegdegemiddelde-)metode bepaal voorraad voorhande deur die kospryse van die mees onlangse voorraadaankope te gebruik.

5.1.4 In die periodieke voorraadstelsel word vraggeld op goedere wat aangekoop is, as 'n (uitgawe/bate) vir die onderneming geboekstaaf.

(4 x 1) (4)

5.2 HOT-WHEELS (EDMS.) BPK.

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Hot-Wheels (Edms.) Bpk. vir die drie maande geëindig 30 September 2017. Die onderneming dryf handel met motorfietse en valhelms ('helmets').

Mike, die eienaar, wil sy voorraadrekords assesseer voor enige prysverhogings gedurende die jaar.

GEVRA:**Motorfietse:**

5.2.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 September 2017 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik. (7)

5.2.2 Mike vra jou advies oor die drie verskillende motorfietsmodelle waarmee hy handel dryf. Verduidelik TWEE punte van advies (stukkies raad). (4)

Valhelms ('Helmets'):

5.2.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 September 2017 deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik. (9)

5.2.4 Is die geweegdegemiddelde-metode geskik om die valhelms te waardeer? Verduidelik EEN punt. (3)

5.2.5 Mike vermoed dat valhelms uit die winkel gesteel word ten spyte daarvan dat veiligheidskameras geïnstalleer is.

- Verskaf 'n berekening om sy vermoede te staaf. (5)

- Wat kan Mike doen om die interne beheer van voorraad te verbeter? Noem DRIE punte. (3)

INLIGTING:**A. Motorfietse:**

Inligting vir drie maande geëindig 30 September 2017:

Voorraad op 1 Julie 2017:

MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
AO2	12	24 300	291 600

Totale aankope:

MODEL	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
AO2	6	24 300	145 800
AO3	15	27 400	411 000
AO4	18	31 600	568 800
	39		1 125 600

Verkope:

MODEL	EENHEDE VERKOOP	TOTALE VERKOPE-BEDRAG (R)
AO2	8	311 040
AO3	11	482 240
AO4	10	505 600
	29	1 298 880

B. Valhelms:

Inligting vir drie maande geëindig 30 September 2017:

Voorraadsaldo's volgens fisiese telling:

	EENHEDE	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
1 Julie 2017	30	R500	R15 000
30 September 2017	12		?

Aankope:

DATUM	EENHEDE AANGEKOOP	KOSPRYS PER EENHEID (R)	TOTAAL (R)
20 Julie 2017	25	R510	R12 750
20 Augustus 2017	30	R525	R15 750
20 September 2017	20	R540	R10 800
TOTAAL	75		R39 300

Terugsendings: Vyf foutiewe valhelms uit die aankope in Augustus 2017 is aan die verskaffers teruggestuur vir 'n volle terugbetaling.

Verkope: 85 valhelms is teen R600 elk verkoop.

VRAAG 6: BEGROTINGS**(30 punte; 20 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Lamba Handelaars, 'n onderneming wat deur Larry Lamba besit word. Die onderneming verkoop skoonmaakmateriaal vir kontant en op krediet. Hulle lewer goedere gratis af by plaaslike klante.

GEVRA:

6.1 Verduidelik die hoofdoel van 'n Kontantbegroting en 'n Geprojekteerde Inkomstestaat. (2)

6.2 **Debiteure:**

Verwys na Inligting A en Inligting B.

Die kredietterme laat debiteure toe om hulle rekeninge te vereffen aan die einde van die maand wat op die verkoopstransaksiemaand volg. Geen korting word toegestaan nie. Op grond van vorige ondervinding verwag Larry egter dat debiteure volgens die Debiteure-invorderingskedule sal betaal.

6.2.1 Gebruik die Novembersyfers om die volgende te bereken:

- % debiteure wat na verwagting aan die kredietterme sal voldoen
- % verwagte oninbare skuld (9)

6.2.2 Larry glo nie dat sy debiteurekontroleklerk, Shirley, 'n bonus op 31 Oktober 2017 verdien nie. Verskaf bewyse om sy mening te staaf. Gee Larry raad om debiteure-invorderings te verbeter (TWEË punte). (4)

6.3 **Geprojekteerde Inkomstestaat:**

Verwys na Inligting C en Inligting D.

6.3.1 Bereken:

- Die vaste % van verkope wat deur Larry gebruik is om vir afleweringse koste te begroot (2)
- Die bedrag van die lening wat op 31 Desember 2017 terugbetaal gaan word (4)

6.3.2 **Verwys na verskille in Inligting D.**

Verduidelik hoekom Larry sal voel dat al hierdie verskille probleme vir sy onderneming is. (9)

INLIGTING:**A. Debiteure-invorderingskedule vir die tydperk geëindig 28 Februarie 2018:**

	KREDIET- VERKOPE R	INVORDERINGS			
		NOV. 2017 R	DES. 2017 R	JAN. 2018 R	FEB. 2018 R
September	112 000	16 800			
Oktober	134 400	75 264	20 160		
November	224 000	56 000	125 440	33 600	
Desember	358 400		89 600	200 704	53 760
Januarie	179 200			44 800	100 352
Februarie	112 000				28 000
		148 064	235 200	279 104	182 112

B. Die debiteureklerk lê die volgende ouderdomsontleding aan die einde van Oktober 2017 voor:

TOTAAL	HUIDIGE MAAND	1 MAAND	2 MAANDE	3 MAANDE +
100%	18%	40%	23%	19%

C. Uittreksel uit die Geprojekteerde Inkomstestaat:

	NOV. 2017	DES. 2017	JAN. 2018	FEB. 2018
Rente op lening (koers 8,5% p.j.)	R2 975	R2 975	R2 465	R2 465

D. Syfers op 31 Oktober 2017 deur die rekenmeester verskaf:

	GEPROJEKTEER	WERKLIK	VERSKIL
Totale verkope	320 000	290 000	-30 000
Kontantverkope	96 000	50 000	-46 000
Kredietverkope	224 000	240 000	+16 000
Advertensies	5 000	1 000	-4 000
Verpakkings- materiaal	4 800	4 800	0
Afleweringkoste	12 800	12 500	-300

30**TOTAAL: 300**